Die Bewys van Sy Teenwoordigheid

Uittreksel van Pastoor Neser se preek: B198b Eng/Afr.

Skriflesing uit Handelinge 2:14-36

Kernvers: 26 –'Daarom is my hart bly en my tong juig, ja, ook sal my vlees nog rus in hoop'.

Dank die Here dat ons 'n opgestane Here Jesus dien veral in hierdie tyd, want ons lewenspatroon gaan verander word en ons sal in die tye wat voorlê gedwing word om die Teenwoordigheid van die Here Jesus te soek meer as ooit te vore.

Laat ons erken dat ons gevestig geraak het in ons lewenspatroon van gemak en gewoonte. Die geskiedenis egter bewys dat dit alleenlik in tye van nood en verandering is dat mense begin om te beweeg. Nogtans moet ons nie toelaat dat wanneer die moeilikhede begin vererger, dat daar 'n gees van neerslagtigheid oor ons kom nie.

Laat ons eerder plek maak vir 'n gees van vasberadenheid om die Teenwoordigheid van onse Here Jesus in ons lewens deelagtig te word.

As ons weer sou kyk na die Skrifgedeelte en dit sommer 'n paar keer oor lees sal ons ervaar wat 'n lewe in die Teenwoordigheid van die Here Jesus moet wees…'n Jesus wat opgestaan het en wat lewe en nog nooit verander het nie!

Hierdie mense se lewens het geskyn daarvan. Dit is goed om Bybelkennis te hê, maar ons gaan die krag van die Heilige Gees se Teenwoordigheid meer nodig hê as ooit tevore.

Ons moet ook nie nou agter tekens en wonders aanhardloop nie, maar agter Jesus aanhardloop, want dan SAL die tekens volg. Jesus het aan ons mag gegee oor al die krag van die vyand en Hy het belowe om met ons te wees tot aan die voleinding van die wêreld.